MELKBOK-INLIGTINGSDAG

PROGRAM: GRATIS MELKBOK-INLIGTINGSDAG

DONDERDAG 11 OKTOBER 2018

STANDARD BANK KONFERENSIESENTRUM

08:00-09:00	**Registrasie** *Registration*	
09:00-09:15	**Verwelkoming en ordereëlings** *Welcome and opening remarks*	**Breyton Milford** Operasionele Bestuurder, Agri-Expo
09:15-10:00	**Wat klein melkbokboere moet weet** *What small dairy goat farmers must know*	**WA Hugo**

WA, sy vrou Lillibet, en hulle vier seuns boer buite Lambertsbaai met 'n melkbokkudde en 'n geregistreerde SA Vleismerino-stoet. Verder teel en rig hy Border Collie-honde af vir skaapwerk. WA se liefde vir veeboer gaan so ver terug as wat hy kan onthou. Hy het vanaf vyfjarige ouderdom skape en bokke veld toe gevat om te wei waar hy geleer het om te "luister" na diere se behoeftes. In 2016 het hy besluit om sy melkbokkudde uit te brei en het sedertdien 'n volwaardige bokmelkery en kaasmakery met die handelsnaam Bettie Bok.

10:00-10:45	**Suksesvolle bemarking van jou unieke produk** *Successful marketing of your unique product*	**Estalanie Marais**

Estalanie Marais is die bemarker van Karoo Bokmelkprodukte in Loxton. Sy het ná jare in die medisynebedryf 'n nuwe uitdaging aangepak as kaasmaker by La Rochelle Boerdery in De Doorns toe daar nog byna geen bokmelkprodukte op die rak was nie. Estalanie het in 2007 'n drie weke lange kaasmaker-uitruilprogram in Frankryk bygewoon as deel van 'n samewerkingsooreenkoms tussen die Wes-Kaapse regering en die Boergondiese streeksregering. Sy was ook in 2011 betrokke by die stigting van 'n bokmelkkaasfabriek in Middelpos.

10:45-11:30	**Risiko's in die melkbokbedryf** *Risks in the dairy goat industry*	**Dr. Chris van Dijk**

Dr. Chris van Dijk is die uitvoerende hoof van die Melkprodusente-organisasie (MPO), wat Suid-Afrikaanse suiwelprodusente (melkkoeie en -bokke) verteenwoordig. Dr. Van Dijk het in 2015 by die MPO aangesluit ná 'n loopbaan van 18 jaar as praktiserende veearts wat in beeskuddegesondheid spesialiseer. Hy was voorheen ook vir 15 jaar as direkteur in verskeie tegniese, bemarkings- en sakeontwikkelingposisies by een van die wêreld se voorste veeartseny-farmaseutiese maatskappye betrokke.

11:30-12:15	**Vra vir Faffa op Landbou.com: Nuut en beter** *Vra vir Faffa (Ask Faffa) on Landbou.com: New and better*	**Dr. Faffa Malan**

Dr. Faffa Malan, alom bekend as Dok Faffa, Suid-Afrika se bekendste virtuele veearts, stel sy verbeterde "Vra vir Faffa"-portaal as deel van die nuwe Kundiges-afdeling op Landbou.com bekend. Dok Faffa is die bestuurder van die Herkouerveterinêre Vereniging van Suid-Afrika (RuVASA). Hy is bekend as skrywer van gewilde boeke soos "Wat kleinveeboere moet weet" en as uitvinder van die Famacha-stelsel – die Faffa Malan-grafiek vir die identifisering van interne parasiete. **Dok Faffa se deelname aan Livestock word moontlik gemaak deur *Landbouweekblad*.**

12:15-12:45	**Eenvoudige oplossings vir doeltreffende bestuur** *Simple solutions for effective management*	**Donald Mouton**

Donald Mouton is die plaasbestuurder van Fairview waar hy aan die stuur staan van een van die oudste en grootste melkbokkuddes in Suid-Afrika. Donald is 'n voormalige president van die Suid-Afrikaanse Melkboktelersvereniging. Hy is reeds sedert die eerste Agri-Expo Livestock in 2014 by die aanbied van die Melkbokinligtingsdag betrokke.

12:45-13:15	**Praktiese raad vir maklike hantering van melkbokke** *Practical advice for easy handling of dairy goats*	**Samson Morebodi**

Samson Morebodi het op Mount Fletcher in die Oos-Kaap grootgeword. Ná sy skoolopleiding het hy 'n draai in Durban gemaak, waarna hy in 2006 as 'n algemene werker by Fairview se melkbokafdeling aangestel is. Met sy natuurlike aanslag tot diere is hy in 2009 tot melkboktoesighouer bevorder.

13:15	**Opsomming en samevatting** *Summary and conclusion*	**Breyton Milford**

WA HUGO

ESTALANIE MARAIS

DR. CHRIS VAN DIJK


DR. FAFFA MALAN

DONALD MOUTON

SAMSON MOREBODI

Western Cape Government
Agriculture
BETTER TOGETHER.